NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

- **Webblad:** http://noordsin.ngkerk.net
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

16 April 2021: Nr 12/2021

Warmnuus

Pinksterreeks 2021 nou beskikbaar in Afrikaans

Die reeks is nou op CLF se webtuiste beskikbaar en kan onder "*Resources – Toolkit for ministry*" - **https://clf.co.za/resource-toolkit/** afgelaai word.
Die tema is **Die Heilige Gees maak heel en nuut.** Die fokus van die 2021 Pinksterreeks is op die heling van ons gebroke werklikheid te midde van die Covid-19 pandemie en die baie ander uitdagings wat ons land tans in die gesig staar. Daar is 'n donkerte aan die tyd waarin ons leef, en ons smag na lig, na heling, na lewe.
Die reeks is vanjaar uitgewerk deur leraars van die NG Kerk, VGKSA en NGKA verbonde aan die Departemente "Praktiese en Missionale Teologie" en "Historiese en Konstruktiewe Teologie" van die Fakulteit Teologie en Religie aan die Universiteit van die Vrystaat. Ons is dankbaar vir hulle gewilligheid en kundige bydraes.

Sinodenuus

❖ Wet op die beskerming van persoonlike inligting

Handleiding spesifiek vir gebruik deur gemeentes (kerkkantore)

Die handleiding is nou op die Algemene Sinode se webwerf beskikbaar. **Kliek hier** om die handleiding af te laai.

Neem asseblief kennis van die volgende:
• Dit is die eerste uitgawe van die handleiding. Gebruik dit asseblief as 'n werkdokument en lewer kommentaar of rig navrae aan: Dr Andrew Kok (argief@kaapkerk.co.za) of Dr Dewyk Ungerer (dewyku@iafrica.com).
• Die handleiding is spesifiek vir gebruik deur gemeentes (kerkkantore) saamgestel. In April 2021 sal daar ook 'n handleiding aan sinodale kantore beskikbaar gestel word.
• Die handleiding sal ook aan sinodale kantore gestuur word vir verspreiding in elke sinodale gebied.
• Neem kennis: Die regulasies bepaal dat elke gemeente voor einde Maart 2021 'n inligtingsbeampte by die Inligtingsreguleerder moet registreer. Ons het kennis gekry dat hierdie proses eers uitgestel is. Sodra ons 'n finale datum het, sal ons dit aan gemeentes kommunikeer. Moet dus nie nou die gemeente se inligtingsbeampte probeer registreer nie.
• Alle dokumente is beskikbaar by **https://www.kerkargief.co.za/inligtingswet/#popia**."

❖ Tekslees met 'n verskil

Dinsdag ***20 April*** om 11:00. **Skrif**: Sefanja 3
Zoom uitnodiging: Join Zoom Meeting [**Kliek hier**]; **Meeting ID**: 921 9767 1478; Password: 453371. **Kontak Fanie Cronjé** (083 415 1452) of **Kobus Mybrugh** (083 227 7185) vir navrae**.**

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Innige simpatie

Johann Voges, emeritus en vroeër ook leraar van Lynnwood, se vrou **Martie** is Dinsdag *13 April* oorlede.

❖ Beroep

<<< Kobus Mouton, emeritus en vroeër leraar van Elandsrand, is in 'n vaste termyn pos vir een jaar na die Brits beroep.

<<< Enslin van Velden [Bergtuin] is as brugleraar beroep na Somerset-Oos.

❖ Bevestiging

Jan-Mari du Toit en **Retha Kruidenier**, beide proponente, is op Sondag ***11 April*** by Mootvallei georden. Op die foto is hulle saam met die ander predikante wat aan die handoplegging deelgeneem het. Dit het waarskynlik nog selde, indien ooit, gebeur dat twee vroue gelyktydig as predikante in 'n gemeente bevestig is.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:

18/04 Heinrich Stapelberg [Florauna, 083 276 1746, stapelberg@ngkflorauna.co.za]
20/04 Gerrie Strydom [Forandia, 082 940 5453, gerrie.s@mweb.co.za]
Hannes Bezuidenhout [Pietersburg-Noord, 083 382 1275, hannes@ngnoord.co.za]
Coenie Swart [Emeritus, 082 452 2899, ccswart@mweb.co.za]
21/04 Riaan Odendaal [Waterberg, 082 497 1891, riaanodendaal25@gmail.com]
22/04 Johan de Wet [Hartbeespoort, 082 446 5225, leraar@hartiesng.org]
Paulus Burger [Pretoria-Oos, 082 578 5157, paulus@ooskerk.org.za]
Jana de Lange [Universiteitsoord, 076 835 5525, jana@universiteitsoord.co.za]
24/04 Gerard Breytenbach [Emeritus, 00263 772 369 962, gerard.breytenbach@yahoo.com]
Sakkie Vermeulen [Emeritus, 083 565 6765]

22/04 Liezel Hoepfner [Albertyn, 014-763 2701, henniehoepfner308@gmail.com]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: Baie geluk!

Pretoria-Oos: 20/04/1920
Marikana [Magaliesberg]: 22/04/1944

Excelsus

❖ 2021 Lentekonferensie

Vanjaar se Lentekonferensie se datum is ***14 - 16 September***.
* Indien die Lentekonferensie volledig aanlyn aangebied word, sal dit weer oor die hele week, van Maandag tot Vrydag versprei word.

❖ Jaarprogram

Kliek hier en teken die datums aan en kyk uit vir die bekendstellingsmateriaal. **Vir navrae** kontak Rika by excelsus@up.ac.za.

❖ Kursusse/werkwinkels

Aanlyn werkswinkel: Kom ons lees die Ou Testamentiese profete
20-21 April, 09:00-16:00
Aanbieder: André Bartlett
Inskrywing geskied deur middel van dié aanlynvorm: https://forms.gle/pUsuetqk3Mp9eMsX6
Sluitingsdatum: *15 April*
VBO-punte: 25
* Lees die volledige advertensie **hier**.

University of Pretoria – Department of Old Testament and Hebrew Scriptures - Faculty of Theology and Religion - Invites you to the... **International Conference on Qumran Literature: The Origin of the Sectarian Movement in the Dead Sea Scrolls**

Date: ***11-13 May***
Location: VIRTUAL
Register: Click here
Queries: Ananda.Geyser-Fouche@ up.ac.za
Facilitators: John J Collins (Holmes Professor: Yale University Honorary Professor: University of Pretoria) Ananda Geyser-Fouché (University of Pretoria)

❖ VBO-Forum

VBO-Forum & **Sinode Oos-Kaapland** bied die aanlyn kursus aan:
Kollektiewe trauma - *Vanuit isolasie en verwydering na tuiskom en konneksie.*
Datums: ***22 April*** en ***6 Mei 2021*** (10:00-12:00) daagliks.
Aanbieder: Hanna Kotze, met insette deur ander kundiges.
Vir meer inligting oor die aanbieder en die uitkomste, **kliek hier**.
Skryf in: **https://forms.gle/EJpuGERpXZeZnpmEA**

Ander nuus

❖ Nuusbriewe

Bybel-Media - Kliek hier en lees onder andere in die *April nuusbrief* meer oor die elektroniese dagstukkies wat daagliks aan 8800 lesers gestuur word. Indien jy ook belangstel om die dagstukkie te ontvang, **kliek hier**. Lees ook watter nuwe publikasies verskyn hierdie maand op die B-M boekrak. Onder Kerkbode-nuus is daar 'n videogesprek met Jaco Strydom oor sy nuwe boek "Leef lig"....

Christelike Lektuurfonds
April nuusbrief [**kliek hier**] – Lees onder andere wie die wenners van die Andrew Murray Prysfonds is. Lees ook hoe CLF die boek "WEES 'n WENNER! Jou race na geluk en meaning" met dagstukke vir 'n jaar, teen Jeugdag (16 Junie) in 20 000 jongmense en kinders in minder bevoorregte gemeenskappe se hande te plaas. Neem ook kennis van die Dankbaarheidsprojek – 'Woord & Brood'....

❖ Vakatures

Posbekendstelling: Rekeningkundige Beampte - Die **kantoor van die Algemene Sinode** (geleë in Hatfield, Pretoria) wag aansoeke in vir die pos van rekeningkundige beampte.
Diensaanvaarding: ***1 Junie 2021***
Sluiting van aansoeke: *20 April 2021*
'n Volledige posbeskrywing en vergoedingskaal is op navraag beskikbaar. Rig navrae aan dr Lourens Bosman (Algemene Bestuurder) by **lourensb@ngkerk.org.za**, selfoonno: 0828398841
Die Sinode behou die reg voor om nie iemand in die pos vanuit die aansoeke aan te stel nie.

❖ Kerkbode

Vakatures: Kliek hier vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

Naskrif


My little brother asked,
"Why are people so nice to the people who are about to die?"
I told him that it's because we want to make their last few moments on Earth as pleasant as we can.
He replied, "But... everyone dies a little everyday, and sometimes we don't know when a person is about to die, so why isn't everyone always nice then...since we never know what's going to happen to someone the next minute?"